

'n Waardevolle Waarheid aan die wêreld



Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

2 Pet. 1:12 en verse 16-21, Op. 19:11-18 en hfst. 14:14-20, Pred. 12:13 en vers 14, asook Op. 14:6-12.

Geheueteks:

“En ek het ’n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met ’n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met ’n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het” (Op. 14:6 en 7, OAB).

Christus se soendood is universeel – m.a.w. dit sluit almal wat nog ooit geleef het, in; ongeag waar op aarde en in watter tydvak hulle hulle bevind het. So die evangelie is dus vir mense van alle tale, kulture en agtergronde. Dit oorbrug die skeidsmure van ras en etnisiteit; en is die ongelooflike goeie nuus dat Jesus deur sy lewe, dood en opstanding oor die bose en oor demoniese magte getriomfeer het. Die evangelie draai natuurlik om Jesus. Dit is Hy wat ter wille van die mensdom gesterf het en wat nou ter wille van ons leef. Met sy eerste koms het Hy ons van die straf wat sonde bring, kom bevry; en ook van die houvas wat dit oor ons gehad het; en Hy kom weer om ons van die teenwoordigheid van sonde te bevry. Die dood wat ons verdien het, het Hy aanvaar; sodat ons die lewe kan lei wat Hy verdien om te lei. In en deur Christus ontvang ons geregtigheid en word ons geheilig, en deur Hom gaan ons eendag verheerlik word. Die Bybel fokus op hierdie twee komste van Christus – sy verlossende eerste koms; asook sy wederkoms om diegene wat Hy met sy lewe vrygekoop het, te kom haal. Die laaste boek van die Bybel, Openbaring, is juis geskryf om die wêreld op sy wederkoms voor te berei. Dit is God se dringende boodskap aan hierdie geslag. In vandeeweek se les bekyk ons hoe relevant Openbaring vir die hedendaagse, 21ste-eeuse mensdom is. Tesame gaan ons opnuut kyk na die beroep wat Jesus op sy eindtydkerk doen, naamlik: om die eindtydboodskap alom te verkondig.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 19 September.*

Petrus verkondig sy teenswoordige Waarheid

Regdeur die geskiedenis van die ontvouende verlossingsplan sien 'n mens hoedat die Here periodiek 'n spesiale boodskap in die vorm van profesie deurgee, om sy kinders op bepaalde gebeurtenisse voor te berei. God laat Hom nooit onkant vang nie (Jes. 46:9, 10). Hy berei telkens sy volk voor, deur profete te stuur wat 'n waarskuwing voor die komende oordele bring (Amos 3:7). In aanloop tot die sondvloed het God byvoorbeeld die wêreld betyds deur Noag gewaarsku. Die Here het ook vir Josef in Egipte geplaas, sodat hy in die sewe jaar van oorvloed vir die daaropvolgende hongersnood kon voorberei. Voorts het die Joodse profete die leiers van Israel teen die komende Babiloniese inval en verwoesting van Jerusalem gewaarsku. Johannes die Doper se bekeringsboodskap het die Jode op Jesus se eerste koms voorberei.

Lees 2 Petrus 1:12 in die OAB en in die King James-vertaling. Watter uitdrukking gebruik Petrus om te toon dat God se boodskap spesiaal vir hom en sy tydgenote was?

Inn Engels word verwys na “the present truth” oftewel, “die teenswoordige waarheid,” en stem min of meer ooreen met die OAB se “die waarheid wat by julle is” (OAB & NLV). Lees nou 2 Petrus 1:16-21. Wat was dié “waarheid wat by julle is”- (oftewel die “teenswoordige waarheid”-boodskap) wat Petrus en die ander dissipels verkondig het?

Die boodskap van ewige belang vir die eerste-eeuse Christene was dat die Messias gekom het. Jesus was die Christus en sy soendood was die groot openbaring van die Vader se liefde. Hoewel “die loon van die sonde die dood is,” het Christus die ewige lewe vir elkeen op aarde 'n moontlikheid gemaak. Elkeen moet egter self kies of hy of sy daardie genadegawe in geloof wil aanneem (*Rom. 3:23 en hfst. 6:23, Ef. 2:8*). Hierdie verlossingsboodskap in Jesus is egter steeds relevant. Dit bly die teenswoordige waarheid vir elke geslag. Die laaste bybelboek, Openbaring, plaas Jesus en die ewige verlossing wat Hy bring in 'n eindtydkonteks, en het ten doel om die ware gelowige op sy wederkoms voor te berei. Dit ontbloot die valsheid van mensgemaakte tradisie en egosentriese godsdienstigheid. In Openbaring geniet Jesus en sy verlossingswerk ten gunste van die mensdom deurgaans voorrang.

Watter gedagtes kom by jou op wanneer jy aan Openbaring dink? Dink jy meer aan die diere en die profetiese simbole wat daarin beskryf word, of aan Jesus? Waarom dink jy het Jesus ons hierdie profesieë in Openbaring gegee? Hoe toon dit Sy liefdevolle planne vir die mensdom?

Openbaring benadruk die Eindtyd

Die Evangelies gaan hoofsaaklik oor Christus se eerste koms. Dit vertel vir ons van sy geboorte, lewe en sending, asook sy dood en opstanding. Hoewel die wederkoms aangeroei word, is dit nie die hoofsaak in Matteus, Markus, Lukas en Johannes nie. Daarenteen het Openbaring hoofsaaklik met die eindtyd te make, waarin die eeue-oue groot stryd tot die spits gedryf word. Elkeen van daardie boek se hoofprofesieë eindig met die glorieryke terugkeer van ons Heer en Heiland.

Lees die volgende gedeeltes in Openbaring – hfst. 1:7, 11:15, 14:14-20 en 19:11-18. Die situasies wat in hierdie skrifgedeeltes beskryf word, loop telkens op dieselfde gebeurtenis uit. Skryf dit hier neer.

Vanaf die heeleerste tot by die heellaaste hoofstuk bereik elke profesie ’n hoogtepunt met Jesus se wederkoms. “Die Lam wat geslag is” (*Op. 5:12, OAB*) keer terug as Koning van die konings en Heer van die here (*hfst. 19:16*). Daardie dag verslaan Hy al sy vyande wat sy kinders vervolg en onderdruk het (*hfst. 17:14*). Hy red hulle uit die nagmerrie van sonde en neem hulle na hul glorieryke hemeltuiste. So kom die groot stryd tussen goed en kwaad dan tot ’n einde. Die aarde word herskep en die verlostes woon vir ewig saam met hul Heer en Heiland (*hfst. 21:1-4*). In Openbaring 22:7 (*lees ook verse 12, 17 en 20*) sê Jesus: “Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar” (*OAB*). Jesus se laaste pleidooi aan die ganse mensdom is dus: ‘reageer op my liefde, aanvaar my genade, en volg my waarheid as julle gereed vir my wederkoms wil wees’. Openbaring sluit juis af met ’n uitnodiging. Jesus rig dit aan die leser: “En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom!” (*hfst. 22:17, OAB*).

Die Heiland nooi elkeen wat na die ewige lewe soek, om na Hom toe te kom. Dan nooi Hy dié van ons wat sy verlossingsboodskap van liefde aanvaar het en wat opreg na sy wederkoms uitsien, om saam met Hom dieselfde uitnodiging aan ander te rig. Hy – die Heer van die sending – stuur ons uit om sy boodskap te verkondig sodat die wêreld gereed vir sy spoedige wederkoms kan wees. Ons is dus deel van Jesus se sending aan die mensdom. Wat is meer bevredigend as dít? Om ’n medewerker van Christus te wees, om die afronding van die verlossingsplan in die eindtyd mee te maak – niks kan daarby kers vashou nie!

Christus wat “gou kom?” So het Johannes ongeveer 2,000 jaar gelede geskryf. Let egter op die bybelse leer aangaande die toestand van die dode. Waarom is die wederkoms vir elke gelowige bloot ’n oogwink na die dood? Hoe help dit ’n mens om te verstaan hoe spoedig die wederkoms van Christus in werklikheid is?

Openbaring se eindtyboodskap

Hoofstuk 14 vorm die middelpnt van Openbaring. Hierdie hoofstuk is van kardinale belang vir God se kinders wat in die laaste dae van menslike geskiedenis lewe. Dit ontvou God se eindtyboodskap aan die mensdom. En dit bly 'n boodskap van uiterste belang vir God se kinders en alle mense van die hele wêreld.

Lees Openbaring 14:14-20. Met behulp van watter simbole word die wederkoms van ons Heer hier uitgebeeld?

Die oes word regdeur die Skrif gebruik om die wederkoms van Jesus te versinnebeeld (*Matt. 13:37-43, Mark. 4:29*). In Openbaring 14 dui die oes van die ryp graan op die redding van die regverdiges, terwyl die oes van die oorryp graan dui op die uitwissing van die bose. Hoofstuk 14:6-12 bevat 'n laaste en dringende boodskap aan die mens, om ons vir die laaste groot oes voor te berei.

Lees Openbaring 14:6, 7. Wat is die kern van die boodskap wat in hierdie twee verse staan? Hoe help dit 'n mens om die bestaansrede en sending van Sewendedag-Adventiste te verstaan?

Die eerste engel se boodskap in Openbaring 14 spreek tot 'n diepbehoefte 21ste-eeuse generasie, 'n mens wat smag na 'n lewensdoel. Dit bring die evangelieboodskap tuis, naamlik dat God uit sy grote genade aan elke liewe mens vergifnis skenk. Hy reinig ons van sondeskuld en gee ons die nodige krag om oorwinnaars in Christus te wees. Hierdie boodskap is die grondslag van alle eiewaarde omdat dit van ons skepping en ons verlossing deur Christus Jesus getuig. Dit wys ook daarop dat alle ongeregtigheid eendag, met God se laaste oordeel, tot 'n einde gaan kom. Dit is uit en uit 'n blye boodskap, want dit toon dat ongeregtigheid nie vir ewig sal voortduur nie.

“Sewendedag-Adventiste het 'n besonderse roeping op aarde – om nagwagte en ligdraers te wees. Die laaste waarskuwing aan 'n verlore gaande wêreld het God aan ons toevertrou. Die wonderbare lig van Gods Woord verlig ons [pad]. Aan Adventiste word die gewigtigste van take toevertrou: die verkondiging van die eerste, tweede en derde engel se boodskappe. Geen ander taak is so belangrik soos dié een nie. Ons moet [dus] nie toelaat dat ander dinge ons aandag hiervan aftrek nie” (Ellen. G. White, *Evangelism*, bl. 119 en 120). Hoe kan ons as 'n kerkgenootskap, maar ook as individuele lidmate, hierdie woorde ter harte neem?

Om God se laaste boodskap beter te verstaan

Openbaring se eindtydboodskap toon Jesus in die volheid van sy reddende genade (*Op. 14:6*). Hy doen 'n ernstige beroep op die mens om God te “vrees” – oftewel om Hom in al 'n mens se doen en late te eerbiedig, om ter afwagting op die oordeelsdag by sy voorskrifte en gebooie te hou (*Op. 14:7*). Die bevel, “Vrees God” (*OAB*), het te make met ons denkwyse. Dit bepleit die lei van 'n lewe wat vir God behaaglik is, en om altyd eerste aan Hom te dink. Dit is 'n gehoorsaamheidsgees waaruit 'n Godgerigte lewe voortspruit (*Spr. 3:7, Hand. 9:31, 1 Pet. 2:17*). Dieselfde oproep om God te vrees, voeg 'n verdere voorskrif by: “En gee Hom heerlikheid” (*OAB*). Daardie verheerliking het betrekking op ons daaglikse handel en wandel.

Lees Prediker 12:13 en vers 14, asook 1 Korintiërs 6:19 en 20. Hoe help hierdie skrifgedeeltes ons om die oproep tot beide die vrees en die verheerliking van God beter te verstaan?

In 'n era van immoraliteit, waar miljoene mense voel dat hulle aan niemand behalwe hulleself verantwoordbaar is nie, herinner hierdie oordeels-uur boodskap ons dat ons persoonlik verantwoordelik is vir ons dade. Daar is inderdaad 'n verhouding tussen 'n gesindheid van eerbied en ontsag vir God, gehoorsaamheid aan God, en die oordeel. Gehoorsaamheid is die vrug van 'n verlossingsvriendskap met Jesus. Dit is slegs deur die geregtigheid van Christus dat ons die spreekwoordelike “paal” in die oordeel “haal.” Uitsluitlik deur sy geregtigheid is ons veilig en vas. Deur sy geregtigheid word ons in staat gestel om in al ons doen en late tot eer van sy Naam te leef.

Lees Openbaring 14:7 en hfst. 4:11, asook Genesis 2:1-3 en Eksodus 20:8-11. Wat is die grondslag van alle ware aanbidding, en hoe vind dit uiting in die Sabbat?

Satan het die Sabbat aangeval omdat hy weet dat dit die kern van ware aanbidding is. In die Sabbat word Christus as die Skeppergod verheerlik. Voorts doen dit 'n beroep op die ganse mensdom: “Aanbid Hom wat die hemel en die aarde... gemaak het” (*Op. 14:7, NAB*). Die Sabbat is dus uiters relevant in hierdie tydvak waarin evolusie aangehang word. Die Sabbat roep ons tot 'n terugkeer na die aanbidding van die Jesus wat ons geskep het, van dieselfde Jesus wat die onmeetbare kosbaarheid van die mens in en deur Hom kom herbevestig het.

Dink aan hoe belangrik die Sabbat is as 'n gedenkteken van God as ons Skepper, en wat derhalwe beteken dat Hy al een is wat ons aanbidding waardig is. Watter ander bybelleerstelling is, per slot van rekening, so belangrik dat God ons beveel – ja beveel – om elke week 'n sewende van ons lewens opsy te sit, sodat ons Hom as ons Skepper kan onthou?

God se laaste oproep

Lees die volgende gedeeltes uit Openbaring – hfst. 14:8, 17:3-6 en 18:1-4. Wat sê hierdie gedeeltes vir 'n mens aangaande geestelike Babilon?

In Openbaring dui die begrip “Babilon” op 'n valse aanbiddingstelsel; met eiegeregtigheid, mensgemaakte tradisies en dwaalleer as die hoofkenmerke. Dit verheerlik die mens, en verhef die geregtigheid van die mens bo die geregtigheid en sondelose lewe van Jesus. Die voorskrifte van godsdienstige leiers – m.a.w. van mense – word bo dié van God en sy gebod gestel. Neem in ag dat Babilon van ouds die middelpunt van afgodery, sonaanbidding en die valse leerstelling oor die onsterflikheid van die siel was. Die valse aanbiddingstelsel waarvan Openbaring praat, het stilletjies baie van antieke Babilon se godsdienstige praktyke ingevoer en deel van haar eie gemaak. Die Here se eindtydboodskap aan dié sterwende planeet is: hou by Jesus se leer en by sy geregtigheid. Die Meester se boodskap en die volgende beroep wat in Openbaring gedoen word, sluit bymekaar aan: “Geval, geval het die groot Babilon... Gaan uit haar uit, my volk” (*Op. 18:2 en vers 4, OAB*). Om dié rede het God die Sewendedag-Adventistekerk in die lewe geroep – om die boodskap van Christus [as Verlosser] in sy volheid te bring. Om Jesus te verheerlik, is om sy volle leer voor die mensdom te verhef. Ons verkondig Hom dus as “die weg en die waarheid en die lewe” (*Joh. 14:6, NAB*); en ons doen dit om die valse leerstellings van Babilon aan die kaak te stel teenoor die waarhede wat Jesus verkondig.

Lees Openbaring 14:7 en verse 9-11. Watter kontrasterende aanbiddingstelsels word in hierdie verse teenoor mekaar gestel.

Openbaring 14 beskryf twee verskillende soorte aanbiddingstelsel – die aanbidding van die Skeppergod en die aanbidding van die dier. Die deurslaggewende faktor in hierdie twee teenoorgesteldes is die Sabbat. Die dag van die Here – die ware Sabbat – teenoor 'n valse Sabbat wat poog om die regte een te vervang. Die bybelse Sabbat verteenwoordig die rus, versekering en beskutting wat ons in Christus as ons Skeppergod, Heiland en terugkerende Koning het. Die valse Sabbat is egter iets wat die mens self gemaak het – 'n “Skynsabbat” en plaasvervanger – een wat op die mens se eie idees en wette steun.

Lees Openbaring 14:12. Wat sê hierdie teks, veral in die konteks van die voorafgaande gebeure? Hoe kom die wet en die genade hier aan die lig; en wat behoort ons daaruit te leer oor die onafskeidbaarheid van hierdie aspekte as twee sye van die evangelie?

Vir verdere studie:

“In hierdie tydvak roep God sy kerk soos Hy Israel van ouds geroep het – as ’n lig vir die nasies. Met ’n kragtige kloofmes van waarheid — d.w.s. met die boodskappe van die eerste, tweede en die derde engel [van Openbaring 14] – skei Hy sy kerk van die ander kerke, en van die wêreld, sodat sy kinders in gewyde nabyheid dig by Hom kan wees. Die Here het sy wet in hul sorg gelaat en het die groot profetiese waarhede aan hulle toevertrou vir hierdie tyd. [Let op die feit dat] God destyds die gewyde verbondsark aan die Israeliete toevertrou het. Insgelyks ontvang sy kerk ’n gewyde erfenis, ’n boodskap om aan die ganse wêreld te verkondig. “Die drie engele van Openbaring 14 versinnebeeld diegene wat die lig van God se boodskappe ontvang het, en wat dan as werktuie van Christus uitgaan om die boodskappe aan die wêreld te verkondig. Aan sy volgelinge sê Jesus: ‘Julle is die lig vir die wêreld’ (*Matt. 5:14, NAB*). Golgota spreek tot elkeen wat Jesus [as hul Heer en Heiland] aanvaar. Dit sê: ‘Let op die kosbaarheid van elke siel. “Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom” (*Mark. 16:15*)!’ Ons mag nie toelaat dat enigiets ons van hierdie roeping weerhou nie. Dít is die belangrikste taak van ons tyd, ’n werk wat moet uitkring soos die grenslose ewigheid. Jesus het sy lewe as losprys vir die mens gegee. Dieselfde liefde wat Jesus aan die mensdom bewys het, sal sy volgelinge tot die uitvoer van hierdie taak aanspoor. “Graag ontvang Christus elkeen wat hom of haar as werktuig aan Hom oorgee. Hy verenig ons menslike bydraes met sy verhewe planne. So neem Hy die verborgenhede van sy vleeswording – sy eerste koms as die vergestaltung van liefde – en maak dit aan die mensdom bekend. Dít is waaroor ons moet praat en bid en sing. Só moet ons die ganse aarde met die boodskap van Sy waarheid vul; en vorentoe beur, tot aan die uithoeke van die wêreld” (*Ellen G. White, Counsels for the Church*, bl. 58, 59).

Vrae vir bespreking:

1. Hoe identifiseer die drie-engelebodskappe van Openbaring 14 die wese van die Sewendedag-Adventistekerk?
2. Dink aan die Sabbat en die gewigtige dinge wat dit versinnebeeld. Soos ons hierdie week gesien het, is hierdie boodskap wat in die Sabbatwaarheid vervat is so belangrik dat ons weekliks ’n sewende van ons lewens opsy moet sit ten einde die Here as ons Skepper en Verlosser te herdenk. Wat meer is, ons hoef nie daarheen te reis vir aanbidding, soos dit die geval met ’n heilige berg of stad is, nie. Nee, die Sabbat beweeg teen ongeveer ’n duisend myl per uur (wel, ten minste naby die ewenaar) en kom eenmaal ’n week na ons toe. Hoe help hierdie feit ons om te besef hoe belangrik die Sabbat is, en waarop dit alles dui?
3. Hoe kan ’n mens die val van Babilon en die merkteken van die dier op so ’n wyse oordra dat ons mense vir Christus wen? Met ander woorde: hoe kan ’n mens hierdie waarhede oordra en terselfdertyd so min as moontlik aanstoot gee, dog met die besef dat sommige mense, ten spyte van ons beste pogings, ongetwyfeld aanstoot sal neem?